# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M |
| Type: End of Term 1 Assessment | Moderator: Teles, K |
| Date: 6 April 2021 | Grade: 7 |
| Marks: 75 Marks | Time: 1 hour 45 minutes |

Naam:

---

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A : Lees en Kyk


Lees die sprokie en beantwoord die vrae wat volg.

**Karnivore**

Jaco Jacobs

Varkboud, skaapboud, steak en tjops.
Wors en braaivleis bly maar tops.
Weense worsies, russians, spek.
Maalvleis, lamsvleis, springboknek.
Wildspastei met skilferkors.
Sosaties, biltong, droëwors.
Beesstertbredie, ham, filet.
Niertjies toegedraai in vet.
Bees se lewer, skaap se kop.
Frikkadelle, hoendersop.
Volstruisnekpotjie, kerrie-en-rys.

Ons is 'n familie wat hou van vleis.
Maar wat makeer my sussie?
Wat is haar probleem?
Sy sê: "EK SOEK SLAAI EN GROENTE!"
Ek dink sy's aangeneem!



1. Waar speel die gedig af?(ruimte) (1)

_______________________________________________

2. Wat is die tema van die gedig? (1)

_______________________________________________

3. Skryf vier woorde wat rym in die eerste strofe? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Wie is die digter? (1)

_______________________________________________

5. Dink jy die atmosfeer van die gedig is:Onderstreep die regte antwoord. (1)

a. Vrolik

b. Hartseer

c. Opgewonde

6. Vergelyk die sussie se houding teenoor die braaivleis met die van die res van die familie. (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Wat soek die sussie graag? (1)

_______________________________________________

8. Waarom dink die digter dat die sussie aangeneem is ? (2)

_______________________________________________

9. Wat verstaan jy omtrent die titel "Karnivore" (vergelyk dit met die inhoud van die gedig. (3)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______/20 (Afdeling A)

Afdeling B : Taalstrukture en konvensies

Vraag 1 Benoem die onderstreepte selfstandige naamwoorde. (3)

a. Armoede is boer se voorland as die rooikatte sy hoenders vang.

___________________________________

b. Die sluwe jakkals het die muis verneuk.

___________________________________

c. Sarie het hard geskreeu toe sy die slang gewaar

___________________________________

Vraag 2 Verander die stelsinne in vraagsinne. (2)

a. 'n Bok kan hard blêr.

___________________________________________________________

b. Die haan sal vroeg kraai.

___________________________________________________________

Vraag 3 Vul die ontbrekende voorsetsels in die volgende sinne. Kies voorsetsels uit die blokkie. (3)

| | | |
|---|---|---|
| met | uit | in |

a. Daniel hulle is toe weg. Hulle is _________vakansie.

b. Marie haal die geld ___________ die beursie.

c. Sy sit die beursie _____________ die laai.

Vraag 4 Skryf die volgende afkortings vol uit. (2)

a. d.w.s _________________________________

b. i.v.m _________________________________

Vraag 5 Gee die trappe van vergelyking. (3)

a. goed _________________ _________________

b. groot groter _________________

Vraag 6 Verander die volgende stelsinne in die verlede tyd. (3)

a. Hy is hartseer

___________________________________________________________

b. Veldmuis hardloop soontoe

___________________________________________________________

c. Son luister aandagtig na hom.

___________________________________________________________

Vraag 7 Onderstreep die voorwerp in die volgende sinne. (2)

a. Meneer Veldmuis groet sy skoonseun.

b. Mevrou Veldmuis huil lang trane.

Vraag 8 Onderstreep die infinitiewe werkwoorde in die volgende sinne. (2)


a. Om baie te oefen maak 'n mens fiks.

b. My oupa se huis is te koop.

_______ / 20 (Afdeling B)

## Afdeling C : Skryf en Aanbied

Skryf 'n opstel oor jou kultuur. (100-150 woorde). Maak gebruik van 'n kopkaart. Eertse en finale weergawe. Kopkaart



Rubriek

| Rubriek | Montlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Maak gebruik van kopkaart | 4 | |
| Skryf in paragraaf vorm | 4 | |
| Inhoud en styl | 4 | |
| Grammatika, spelling en leestekens | 5 | |
| Voorgeskrewe lengte | 3 | |
| Totaal | 20 | |

# Adeling D: Luister en Praat

## Onvoorbereide lees

**Vingers in die nag**
**'n Historiese vertelling**

Daar was oorlog tussen die Zoeloes en die Britte. Toe hulle vrede maak, het koning Cetshwayo die Britse koningin in 1882 besoek. Sy het vir hom 'n groot, silwer beker met drie handvatsels gegee as teken van vrede. Die koning het dit by sy hoofhuis gehou.

'n Handelaar het die dorpie besoek en besef dat die beker van die suiwerste silwer 'n fortuin werd is. Hy wou dit baie graag hê. Een donker nag steel hy die beker en verdwyn. Hy het sy wa en handelsware net so agtergelaat in die dorp en in die Nkandlawoud 'n ent van die dorp af gaan wegkruip. Dit was die Zoeloes se heilige plek waarvoor hulle baie respek gehad het. Hy het gedink hulle sal hom nie daarheen volg nie.



In die woud hoor hy'n sagte gelag agter hom. Toe hy omswaai, sien hy 'n figuur wat verdwyn.

Hy hoor 'n sagte glygeluid uit die boom reg bo sy kop! Iets kouds raak aan sy wang, gly oor sy bors tot by die sak met die beker in. Dit was genoeg! Gillend hardloop hy deur die bome. Dit voel vir hom of honderde hande na hom gryp. Blind van vrees gooi hy die sak met beker en al neer en hou net aan met hardloop.

So kry die koning se manne hom 'n dag of wat later waar hy in die sand rondkruip. Hy skreeu aanhoudend: "Haal dit af! Haal dit van my af!"

BRON: A. SITEYINI & S. MILLER, *AFRIKA VERTEL*, 2007.

Rubriek

| Rubriek | Moontlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Vlot gelees | 5 | |
| Met Intonasie gelees | 5 | |
| Gebruik leestekens | 5 | |
| Totaal | 20 | |

_______ / 75 Totaal